

8 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:1-4; Johannes 1:1-5

Fokusgedeelte: Genesis 1:1

Die Here het ons geskep

Elke jaar vier jy jou verjaardag met groot vreugde en dankbaarheid teenoor die Here. Eintlik herdenk jy die begin van jou lewe. 'n Pa en ma het met hulle kindjie se geboorte hom "Beraja" genoem, wat beteken "die Here het geskep". Eintlik is dit dié mooi van elkeen van ons se verjaardag, naamlik dat ons op daardie dag daaraan terugdink dat die Here ons geskep het. Ja, ek weet jy het ook 'n pa en 'n ma uit wie se liefde jy gebore is, maar eintlik was God deur hulle aan die werk. Jy is sy skeppingswerk. Jy het 'n begin, maar voor jou was jou pa en ma reeds daar, en voor hulle jou oupa en ouma. En só kan jy teruggaan tot die heel eerste begin. Die begin van alles in ons ganse heelal.

Voor daardie "begin" was God reeds daar. Hy is die "Ek is wat Ek is" wat reeds daar was en vandag nog is en ewig daar sal wees. Hy gee ons lewe 'n begin om te herdenk. Alles begin by God. Hy gee vanuit sy liefde aan die skepping geboorte deur alles uit niks te skep. Alles is deur sy almag letterlik in die lewe geroep. Hy het dit deur sy Woord gedoen en deur sy Gees het Hy aan alles sy ontwerp, vorm en lewe gegee.

Ons het nie 'n datum van God ontvang om die begin van alles te oordink nie, maar ons het tog wel 'n jaartelling wat ons elke nuwe jaar weer vier. Ons jaartelling begin by Jesus. Ons tel nou al 2013 jaar ná Jesus en van Hom word gesê: *In die begin was die Woord*. Hy was alreeds voor alles begin het by God en was Self God. Ons was in ons sonde dood en deur sy versoening van ons sondes aan die kruis skenk Hy ons 'n nuwe begin. Hy skenk aan ons die lewe uit die dood om weer vir God (wat alles geskape het) te lewe.

Wanneer jy weer verjaar, onthou dat jou verjaardag jou herinner aan God wat voor alles was en jou in liefde in sy skepping geplaas het om vir Hom te lewe.

Sing: Psalm 19:1, 6

Ds. DJ Bakker (Boksburg)